

Om skuld en spaar te balanseer

Moet jy jou skuld afbetaal voordat jy begin spaar?

Een van die grootste struikelblokke in die weg van spaar, is skuld. Die gebruikelike advies is om eers jou skuld af te los en dan te begin spaar.

Dit is 'n goeie strategie vir **korttermyn skuld** soos kredietkaarte, winkelkaarte of persoonlike lenings met hoë rentekoerse (bokant 17%). Deur hulle vinnig af te betaal, waarborg jy effektief 'n opbrengs van 17%, aangesien dit is wat jy aan rente sal betaal. Daar is geen belegging wat jou hierdie soort opbrengs kan waarborg nie. Die sleutel tot rykdom is om nie meer skuld aan te gaan nie, maar eerder met 'n spaarplan te begin.

Vir **langtermyn skuld** soos 'n huislening maak dit egter nie noodwendig finansiële sin om spaarpogings uit te stel nie, aangesien rentekoerse op sulke skuld laer is as die groei op beleggingspaargeld. As jou verbandterugbetaling byvoorbeeld 9% is en jou beleggings lewer 11% groei na belasting, sal daardie bykomende 2% oor 'n tydperk bereken, 'n beduidende uitwerking op jou uiteindelijke enkelbedrag hê.

Verband afbetaal of vir aftrede spaar?

Talle jongmense bevind hulle midde-in skuldsituasies, wat dit vir hulle baie moeilik maak om te spaar.

Anthony Asher, 'n Australiese deskundige op die gebied van werknemer-voordele, meen om jongmense te dwing om in 'n pensioenfonds te spaar, en die verpligte instandhouding van aftreespaargeld, is 'n aanslag op hulle en is 'n besluit deur ouer mense wat hulle wil voorsê om te spaar. Hy meen voorts die finansiële druk op jong paartjies wat 'n huis probeer koop en kinders probeer grootmaak, kan huweliksprobleme veroorsaak. Hy is ten gunste daarvan dat spaarpogings eers aangewend word wanneer die huis afbetaal is en kinders finansiëel onafhanklik is.

Asher se siening is geldig. Gedurende daardie 'SITCOM'-jare ('Single Income Two Children Oppressive Mortgage') is dit uiters moeilik om 'n verband te betaal, jou kinders groot te maak en steeds te spaar. Jy benodig dus 'n langtermyn strategie om soveel as moontlik te spaar wanneer jy nie familieverpligtinge het nie, sodat jy steeds genoeg sal hê vir jou aftrede, selfs al het jy nie in die moeilike jare maksimaal gespaar nie.

Die probleem met die uitstel van aftreespaargeld, of die vroeë onttrekking van aftreespaargeld om jou verband mee af te los, is dat jy jou aftree-bydraes sou moes verdubbel om op te maak vir die verlies aan saamgestelde groei oor 'n tydperk van tien jaar. Normaalweg is die aangewese ding om 15% van jou inkomste vir aftreespaargeld te begroot, wat sal verdubbel tot 30% van jou salaris. Dit sal vir die meeste mense onbekostigbaar wees.

Om die balans te vind

Die eerste reël van skuld is dat jy in staat moet wees om met jou inkomste jouself daaruit te kry: skuld maak aanspraak op *toekomstige inkomste*.

Aftreespaargeld doen 'n beroep op ons *huidige inkomste* om in toekomstige behoeftes te voorsien wanneer ons te oud sal wees om te werk.

Om 'n balans te vind tussen die gebruik van *toekomstige inkomste* in die hede en die spaar van *huidige inkomste* vir die toekoms:

- Spaar soveel as moontlik van jou eerste salaristjek totdat jy jou eerste huis koop, sodat jy 'n beduidende deposito kan hê. Moenie die deposito gebruik om 'n duurder huis mee te koop nie, maar eerder om jou maandelikse terugbetalings kleiner te maak.
- Hou aan om die maksimum vir aftrede te spaar (15% van jou salaris) totdat jy met 'n gesin begin, en verbind jou tot 'n groter verband. Jy kan besnoei op aftreespaargeld (dit nie uitsny nie!) slegs as jy in jou twintigerjare 'n stewige finansiële grondslag gelê het.
- Gebruik bonusse en salarisverhogings om jou huis af te betaal teen die tyd dat jy 50 jaar oud is. Weerstaan die versoeking om te tap van die aandeel wat jy in jou huis ingebou het deur op jou verband te onttrek of deur 'n duurder huis te koop.
- Sodra jy verlos is van jou verband, kan jy die ekstra kontant gebruik om jou aftreespaargeld 'n hupstoot te gee tot op ouderdom 65.

Liberty Groep is 'n Gemagtigde Finansiële Diensverskaffer in terme van die Finansiële Advies- en Tussentydse Dienstewet van 2002 ("FATD") (Lisensie no. 2409). Die inligting vervat in hierdie kommunikasie, aanhangsels inkluis, moet nie as advies beskou word in terme van die FATD-wet nie, aangesien die skrywer nóg 'n aangestelde verteenwoordiger van Liberty, nóg 'n gelisensieerde diensteverskaffer is soos beskryf in die FATD. Raadpleeg asseblief u finansiële adviseur indien u advies van 'n finansiële aard en/of tussentydse dienste verlang.